In Memoriam

Mnr GW (Gerhard) Andrag van Stellenbosch (73). Oudinwoner van Huis Visser en het sy BComm-graad aan die US verwerf.

Lt-Kol AH (Alphonso) Botha van Potchefstroom (56). Voltydse lid betrokke by en verantwoordelik vir al die reservemaglede (Kommando's en Regimente) in die Noordwes provinsie. Hy was ook betrokke by die keuring van die SAW se "spesmagte" tydens die vorige bedeling.

Mnr DP (Denis) Bergh van Clanwilliam (79). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc (Landbou) in 1949.

Mev M (Martina) Botha (néé Roos) van Lynnwoodrif (82). Verwerf haar BEd in Huishoudkunde in 1945. Oud-Primaria van Huis Ten Bosch en was ook destyds dosent in die Departement Huishoudkunde.

Dr J (Janet) Brown van Malawi (50). Sy het haar DTh in Teologie in April 2004 aan die US verwef.

Mnr DC (Nelis) Blom van Riversdal (80). Oudinwoner van Dagbreek. Behaal sy BComm-graad in 1947.

Mnr JN (Neethling) Coetzee van Montanapark (74). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc Ing-graad in 1955.

Mev YE (Yda) Coetsee van Riversdal (46). Oudinwoner van Monica van 1977 tot 1979. Verwerf haar BA-graad in 1981.

Dr WE (Wilfred) Damsell van Plumstead (74). Verwerf sy MTh in 1994 en sy DTh in 2004.

Regter MR (Tinie) de Kock van Kenilworth (83). Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA-graad in 1942 en sy LLB in 1944. Bekende in bewaringskringe en was lank voorsitter van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG), nou die SA Erfenishulpbronagentskap.

Mnr JJ (Hannes) Drotskie van Cresta (67). Verwerf sy BComm-graad in 1959.

Mnr TC (Thian) du Plessis van Pretoria (71). Oudinwoner van Huis Visser. Verwerf sy BSc, BIng in 1958.

Dr AS (Adriaan) du Toit van Viljoenshooppad, Grabouw (72). Oudinwoner van Huis Marais en Dagbreek. Verwerf sy BA in 1953, sy MA in 1955 en sy DPhil in 1958.

Mnr A (Augie) Erasmus van Drie Riviere (69). Oudinwoner van Helderberg. Verwerf sy BComm-graad in 1957.

Mev HW (Hester) Forster (néé Keyter) (74). Oudinwoner van Huis de Villiers. Verwerf haar BA-graad in Maatskaplike Werk in 1951 en haar MA in Maatskaplike Werk in 1954.

Mnr L (Leon) Ehlers van Melkbosstrand (58). Oudinwoner van Huis Marais. Verwerf sy BA-graad in 1969. Was Streeksbestuurder van Ford Motor Maatskappy.

Dr LJ (Lisa) Fisher-Jeffes van Constantia (35). Behaal haar MB, CHB in 1997 aan die US.

Prof JSH (Hano) Gildenhuys van Somerset-Wes (76). Hy was die eerste hoof van die outonome Departement Publieke Administrasie.

Mnr M (Michael) Gobregts van Paarl (28). Oudinwoner van Majuba van 1997 tot 2000 en studeer BRek.

Regter VG (Victor) Hiemstra van Pretoria (92). Verwerf sy BA-graad in 1930 aan die US. Hy was onder meer waarnemende regterpresident van Transvaal, hoofregter van die eertydse Bophuthatswana, medeskrywer van die grondwet van Namibië en kanselier van Unisa.

Mnr DVDW (Hoffie) Hofmeyr van Alberton (80). Oudinwoner van Wilgenhof en verwerf sy BComm-graad in 1950. Was gedurende sy loopbaan werksaam by Yskor, Drostdy Wynkelder asook Distillers Koöperasie in Stellenbosch.

Dr EM (Ettienne) Hugo van Kimberley Verwerf sy MIng in 1966, sy BIng in 1993 en sy PhD (Ing) in 2000.

Mnr JDW (Johan) Human van Boesmandsriviermond (79). Oudinwoner van Dagbreek. Behaal sy BComm-graad in 1946.

Mnr JE (Eric) Kietzka van Pietermaritzburg (48). Oudinwoner van Simonsberg. Verwerf sy BSc-graad in 1981 en sy BSc (Hons) in 1985 aan die US.

Mnr DA (Dieter) Kopke van Durbanville (54). Verwerf sy Hons. BPA in 1994 aan die US.

Mnr JC (Johan) Kriegler van Sandhills (56). Oudinwoner van Wilgenhof. Student aan US van 1971 tot 1974 en het gereeld skenkings gedoen vir tafeldruif-navorsing.

Mnr J (Johann) Kotzé van Somerset-Wes (62). Oudinwoner van Huis Visser. Verwerf sy BSc-graad in Landbou in 1967 en sy Hons. BSc-Agric in 1969.

Mev CI (Cornelia) Labuschagne van Pinelands (79). Was 'n ingekrewe student vir die Dipoma in Verpleegadministrasie.

Mnr JC (Coley) Lamprecht van Auckland Park (59). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA in 1967. Vebonde aan RAU vanaf 1975 tot 2000 en later Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde en Verpleegkunde. Skrywer van onder meer die bekende boek *My Kind 'n Wenner*.

Mnr PJ (Piet) Lombard van Strand (77). Oudinwonervan Dagbreek. Verwerf sy BA in 1949, sy MA in 1951 en sy SOD in 1952. Was 'n voormalige direkteur van die eertydse Departement Ontwikkeling en Skakeling aan die US en dien ook as burgemeester van Stellenbosch.

Mnr JF (Jacob) Louw van Senekal (77). Verwerf sy BSc Ing-graad in 1950.

Mnr DR (Dave) MacDevette van Kaapstad (51). Verwerf sy BSc-graad in Bosbou in 1976 en sy Hons BSc in Bosbou in 1978. Was werksaam in natuurbewaring en was onder meer gemoeid met GIS en afstandswaarneming en die stigter van Empowerment for African Sustainable Development (EASD).

Mnr IP (Immanuel) McKenzie van Kaapstad (27). Het vir Maties o/19 rugbyspan in 1998/99 gespeel terwyl hy besig was met sy BComm-graad aan die US.

Dr JD (Jacobus) Muller van Lyttelton (97). Oudinwonervan Eendrag. Verwerf sy BA-graad in 1930, sy MA in 1931, sy SOD (Nagraads) in 1932 en sy MEd in 1933.

Admiraal L (Leon) Olivier van Valhalla (48). Verwerf sy Hons BPA in 1997.

Mev AS (Salie) Pauw (néé Zaaiman) van Kuilsrivier (83). Verwerf haar Diploma in Huishoudkunde in 1942 en haar HPOD in 1945. Sy was ook die moeder van vier Oudmaties.

Mnr JW (Jan) Pretorius van Onrusrivier (54). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BIng in 1976.

Prof DH (Hugo) Retief van Birmingham, VSA (83). Verwerf sy BSc-graad in 1942, MSc-Chemie in 1944 en sy DSc Odontologie in 1984. Pionier van tandheelkundenavorsing in Suid-Afrika en ereprofessor van die eertydse Fakulteit Tandheelkunde.

Mev SP (Susanna) Rabie van Franschhoek (88). Oudinwoner van Monica. Verwerf haar BComm-graad in 1937. Was verbonde aan die Tegniese Kollege Stellenbosch tot en met haar aftrede.

Mnr DJE (Dirk) Sobotta van Namibië (40). Oudinwoner van Helderberg. Verwerf sy BSc-Agric in 1987 en Hons BSc-Agric in 1991.

Mev MM (Magdaleen) Stassen (néé Gouws) van Welgemoed (66). Oudinwoner van Monica. Verwerf haar BComm-graad in 1960 aan die US.

Mnr GF (George) Stegmann van Klerksdorp (81). Verwerf sy BSc-graad in 1947 en sy BSc-Ing in 1951

Prof C (Chris) Swanepoel van Bettysbaai (74). Verwerf sy Sertifikaat in koorleiding in 1951, sy BMus in 1952 en sy MMus in 1954. Was 'n bekende musikus, opvoedkundige en kultuurleier. Onder meer stigter van die kerkkoor van die Studentekerk op Stellenbosch, rektor van die eertydse Technikon Witwatersrand, bestuurslid van die SAUK en voorsitter van die FAK.

Dr A (Alta) van Aswegen van Stellenbosch (59). Oudinwoner van Huis Fransie van Zijl. Verwerf haar MB, ChB in 1970.

Prof AB (AB) van der Merwe van Stellenbosch (91). Verwerf sy BA-graad in 1936, sy MA in 1938 en sy DPhil in 1949.

Ds AJ (Anné) Verhoef van Wellington (63). Verwerf sy KD in Teologie in 1966, BTh in 1976 en sy MTh in 1979.

Mnr WJ (Willis) Viljoen van Gweru, Zimbabwe (74). Verwerf sy BA-graad in 1953 en sy SOD in 1954 aan die US. Was bekende in onderwys- en sportkringe in Zimbabwe.

Mnr CA (Carel) van Wyk van Lainsburg (75). Verwerf sy BA-graad in 1952 en sy SOD in 1953 aan die US. Was skoolhoof van die Hoërskool Laingsburg.

Dr Anthony Edward (Anton) Rupert van Stellenbosch (79). Die Universiteit het vroeër vanjaar afskeid geneem van dr Anton Rupert, 'n groot vriend van die Universiteit. As eertydse raadslid en eredoktor het sy denke 'n beduidende rol gespeel as rigsnoer vir die toekomsgerigte koers van die Universiteit. Hy was 'n nederige reus onder die reuse, 'n internasionaal gevierde leier, bekroonde entrepreneur en nyweraar. Hy het op talle terreine mense se lewens aangeraak en verander en sy dood laat 'n leemte op baie vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing. Rus in vrede dr Rupert. Jou lewe was meer as leefwaardig.

Mnr D (Deon) van der Walt (47) Dié internasionaal bekende operasanger was sedert 1978 student in die Departement Musiek en het sy sangstudies onder prof George van der Spuy voltooi en sy Lisensiaat in Musiekonderwys in 1981 ontvang. Hy het sy opleiding in Europa voortgesit, waar hy die eerste prys by die Somer-akademie van die Mozarteum in Salzburg verower het. Na 'n jaar by die Beierse Staatsopera in Munchen, is hy as Hoof Liriese Tenoor van die Stuttgart Opera aangestel. Na sy debuut in *Il Barbiere di Siviglia* in die Koninklike Operahuis, Covent Garden in Londen, volg optredes by La Scala, Milaan; die Weense Staatsopera en die Metropolitaanse Opera, New York – die sogenaamde *grand slam* operahuise. As liriese tenoor het hy verskeie rolle in van die bekendste operas vertolk.